

KINDERS SE DEELNAME AAN DIE NAGMAAL IN DIE LIG VAN DIE FUNKSIE EN BETEKENIS VAN DIE NAGMAAL DEUR DIE LENS VAN NUWE-TESTAMENTIESE- EN PAPIROLOGIESE GETUIENIS: GELOOF OF GODSDIENS?

1. Trajek van ontwikkeling in die inhoudelike tradisie in die vroegste kerk

Die vroegste tradisie wat ons het oor die viering van die Nagmaal in die vroegste kerk is opgeteken in 1 Korintiërs 11:23-26:

²³ Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem ²⁴ en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis." ²⁵ Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis." ²⁶ Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom (1 Kor 11:23-26)

Die essensie van hierdie gedeelte is, is dat

- Jesus die Nagmaal ingestel het (heel waarskynlik nie-histories);
- Paulus dit as 'n oorgelewerde tradisie ontvang het (= voor-Paulinies);
- die brood en beker verteenwoordig die liggaam en bloed van Jesus
- die Nagmaal is in wese – in die eerste plek – 'n herinneringsmaaltyd ("tot my gedagtenis");
- tweedens is dit ook 'n verkondigingsmaaltyd ("verkondig julle die dood van die Here;); en
- derdens ook 'n eskatologiese maaltyd ("totdat Hy kom").

Dit wat ons in die oorgelewerde tradisie by Paulus in 1 Korintiërs 11:23-26 vind, is heel waarskynlik 'n weergawe van die na-Pase mondelinge (ontwikkelende) tradisie wat na Jesus se kruisdood en opstanding ontstaan het deur die verbinding van die volgende parallelle

- Paaslam as offer – Jesus as offer
- Liggaam en bloed van Paaslam – liggaam en bloed van Jesus
- vergewing van volk se sonde – vergewing van gelowiges se sonde
- die laaste maaltyd as die instelling van die Nagmaal

Die skriftelike weergawes van die laaste maaltyd tradisie in die Sinoptiese evangelies is heel waarskynlik gebaseer op die mondelinge tradisie (c. 30-50 nC) wat agter die tradisie van Paulus lê (1 Kor 11:23-26), soos die volgende *Literarkritiese* bril aantoon:

Markus 14:22-24 (72 nC)	Matteus 26:26-28 (84 nC)	Lukas 22:19-20 (96 nC)
²² Terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra.	⁶ En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra.	¹⁹ Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee

Daarna het Hy dit gebreek en vir hulle gegee met die woorde: "Neem dit, dit is my liggaam. "	Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: "Neem, eet; dit is my liggaam. "	dit vir hulle met die woorde: " Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis. "
²³ Toe neem Hy 'n beker en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle, en hulle het almal daaruit gedrink. ²⁴ Hy sê vir hulle: "Dit is my bloed , die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie mense vergiet word.	²⁷ Toe neem Hy 'n beker , en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: "Drink almal daaruit, ²⁸ want dit is my bloed , die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes.	²⁰ Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed , wat vir julle vergiet word.

Ons sien hier dat die vertelling oor die laaste maaltyd ingeklee word in terme van die instellingswoorde soos in die voor-Pauliniese tradisie, en dat daar 'n uitbreiding van die tradisie plaasvind deur middel van die byvoegings van Matteus (tot vergewing van sondes; Matt 26:28) en Lukas (gebruik dit my gedagtenis; Luk 22:20). Of die basis van die Sinoptiese tradisie, asook die byvoegings deur Matteus en Lukas, gebaseer is op die voor-Pauliniese tradisie en of dit afkomstig is uit die mondelinge tradisie, is moeilik om te bepaal. Die inhoud van die voor-Pauliniese en Sinoptiese tradisie is egter feitlik dieselfde.

Die tradisie by Paulus kan ook gesien word in byvoorbeeld

Lukas:

- die Emmausvertelling: Lukas 24:30-31 (³⁰ Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle. ³¹ Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn);

Markus:

- die vermeerdering van die brood en vis: Markus 6:41 (⁴¹ Toe het Hy die vyf brode en die twee visse geneem, na die hemel opgekyk en die seën gevra. Daarna het Hy die brood gebreek en dit vir sy dissipels gegee om aan die mense voor te sit. Hy het ook die twee visse onder hulle almal verdeel); en
- Jesus se dood as verlossingsdood (verlossing uit sonde): Markus 10:24 (⁴⁵ 'Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense");

en by Johannes:

- Jesus is die Lam van God – 'Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" (Joh 1:29; kyk ook Joh 1:36)
- Die voetwassing in Johannes 13 as metafoor van verlossing/die vergifnis van sonde – 'Maar Petrus sê vir Hom: "U sal in alle ewigheid nooit my voete was nie!" Daarop sê Jesus vir hom: "As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie.'" (Joh 13:8)

Die evolusionistiese verhouding tussen “mondellingetradisie – skriftelike tradisie by Paulus – Sinoptiese skriftelike tradisies” in terme van beïnvloeding is waarskynlik onbepaalbaar, maar die resultaat van die trajek is duidelik:

- Ons het nie ’n ‘oorspronklike’ weergawe van die laaste maaltyd nie;
- Jesus se dood en opstanding het op ’n na-Pase vlak die vertellings oor die laaste maaltyd beïnvloed (Jesus het heel waarskynlik nie die Nagmaal ingestel nie);
- Jesus se dood word gesien as ’n plaasvervangende verlossingsdood;
- Jesus het alreeds hierna verwys toe hy die Nagmaal “ingestel” het tydens die laaste maaltyd saam met sy dissipels;
- en dit word tydens die Nagmaal gevier deur die tekens van brood en wyn as herinnering en verkondiging.

In kort, ’n ‘normale’ Paasmaaltyd word die instelling van die Nagmaal deur die verstaan van Jesus se dood vanuit ’n na-Pase perspektief. Die Nagmaal is dus ’n menslike interpretatiewe godsdienstige produk.

Maar na aanleiding van wat? Het die vroegste gelowiges ’n antesedent vir die Nagmaal gehad? Of is dit *ex nihilo*?

2. Wortels van die praktyk van viering van die Nagmaal in die vroegste kerk

Resente navorsing oor antieke Grieks-Romeinse assosiasies (bv., die assosiasie van vissers, die assosiasie van slagters) werp heelwat lig op die aard en samestelling van die vroegste geloofsgemeenskappe soos byvoorbeeld die gemeente in Korinte. Hierdie assosiasies se lidmaatskap was meestal vrywillig, en in beskikbare bronne is dit interessant dat hierdie assosiasies met terme soos συναγωγή, οἶκος, en ἐκκλησία beskryf word, en dat die amptenare/funksionarisse van hierdie assosiasies beskryf word met die terme soos ἐπίσκοπος, πρεσβύτερος, en διακόνος. Hoekom interessant? Omdat die gebruik van hierdie terme ooreenstem met die beskrywings wat in die Nuwe Testament gebruik word om die samekomste en amptenare (ampte) van die vroegste gemeentes te beskryf.

Hier is ’n paar voorbeelde waar dieselfde terme wat die assosiasies gebruik het om hulle samekomste te beskryf, ook in die Nuwe Testament vir die byeenkomste van die vroegste gemeentes gebruik is:

- ἐκκλησία (Matt 18:17; Hand 9:31, 11:26, 15:22; 1 Kor 1:2; , 4:7, 6:4, 11:18, 12:28, 14:5, 19, 23, 28, 35; 2 Kor 1:1; Fil 4:13; Kol 4:16, 1 Tess 1:1, 2 Tess 1:1, 1 Tit 3:15, 5:16; 3 Joh 1:9)
- συναγωγή (Matt 13:54; Mark 1:23, 6:2; Luk 4:20; Joh 6:59; Hand 17:1; 18:7; Jak 2:2)
- οἶκος (Rm 16:15; 1 Kor 16:19)
- τῆ κατ’ οἶκον αὐτῶν ἐκκλησία (1 Kor 16:19; Rom 16:15; Kol 4:15; Filem 2)

Die parallele tussen die benamings van die amptenare wat verantwoordelik was vir die aktiwiteite van die assosiasies soos dit voorkom in papirologiese getuienis en die van die vroegste geloofsgemeenskappe is ook duidelik:

- ἐπίσκοπος (1 Tim 3:1; Fil 1:1; 1 Tim 3:2; Tit 1:7)
- πρεσβύτερος (1 Tim 5:17; 1 Pet 5:1, 5:5; Tit 1:5; Jak 5:14)
- διακόνος (Fil 1:1; 1 Tim 3:8)

Die Grieks-Romeinse assosiasies se ledetal het gewissel van 15 tot 100 (mediaan 49,9 op grond van papirologiese getuienis), die bywoning van die assosiasie se aktiwiteite is as verpligtend beskou, en lede is dikwels opgeroep tot gereelde deelname. Ook wat laasgenoemde betref het ons 'n parallel in die Nuwe Testament (vgl. bv. Heb 10:25 – ²⁵ Ons moenie van die samekomste van die gemeente [τὴν ἐπισυναγωγὴν] af wegbly soos party se gewoonte is nie ...). Die lede van 'n assosiasie het gewoonlik min of meer dieselfde sosiale status gehad (Romeinse vryburgers en slawe, of mans en vroue, het gewoonlik nie aan dieselfde assosiasie behoort nie). Die hoofaktiwiteit van hierdie assosiasies was die hou van maaltye. Die doel van hierdie maaltye was drieledig van aard: 1) die uitdrukking van 'om te behoort', die visuele bestaan van die assosiasie; 2) om die uit te sluit wat nie aan die assosiasie behoort nie; en 3) om die verskillende vlakke van status van lede van die assosiasie te bevestig. Laasgenoemde is veral gedoen deur sitplekke van minder of meer status en die bedien van sekere kos aan net sekere lede tydens maaltye.

Tydens hierdie maaltye was daar vaste rituele om die god of gode van die assosiasie te vereer. Die rede hiervoor was die asimmetriese verhouding tussen die assosiasie en hulle god/gode: hulle gee (offers), en die god/gode sal teruggee (goeie oes, gesondheid).

Die offers was meestal 'n vleisoffer. 'n Deel van die vleis is aan die god/gode gebied as reukoffer, dele van die vleis het gegaan aan die priesters van die tempel waar die offer gebring is en die familie van die persoon wat die dier geskenk het, en die res is gebruik vir 'n ete van die assosiasie waarvan die skenker van die offer 'n lid was. Die vleis wat oorgebly het is op die mark (τὸ ἐν μακέλλῳ) verkoop (kyk 1 Kor 10:25).

Tydens die ete van die assosiasie is geglo dat met die eet van die vleis die god/gode teenwoordig was (in wese gemaak is), en die ete is gewoonlik begin en geëindig met 'n drankoffer tot ere van die god/gode wat vereer is met die spesifieke maaltyd.

3. Betekenis van die viering van die Nagmaal in die vroegste kerk

- Die ooreenkomste tussen Grieks-Romeinse assosiasies en die vroegste geloofsgemeenskappe is duidelik wat betref;
- beskrywing (συναγωγή, οἶκος, en ἐκκλησία);
- 'amptenare' (ἐπίσκοπος, πρεσβύτερος, en διακόνος);
- oproep tot deelname (Heb 10:25); en

- deelname op grond van verwagte etiese optredes, dit wil sê, insluiting en uitsluiting (kyk 1 Kor 5:11: “Wat ek geskryf het, was dat julle nie moet omgaan met iemand wat homself 'n gelowige noem, maar wat onsedelik of geldgierig of 'n afgodsdienaar of kwaadprater of dronkaard of bedrieër is nie. Met so iemand moet julle nie eens saam eet nie”).

Op grond van beskikbare papirologiese getuienis het die Korintiese geloofsgemeenskap uit ongeveer 20-50 persone bestaan, en het die vier van die Nagmaal heel waarskynlik plaasgevind na analogie van die maaltye wat die Grieks-Romeinse assosiasies gehou het ter ere van hulle god/gode.

Wat dadelik opval is die waarskynlike parallel tussen die eet van die offervleis en die brood, en die drankoffer en die beker. Maar dit is ook hier waar duidelike verskille na vore kom. In die eerste plek stel Paulus dit duidelik dat die eet van vleis (en dus die brood) nie die god/gode teenwoordig verklaar nie. Paulus stel dit duidelik aan die Korintiese gelowiges dat wat ons eet God nie nader bring nie (1 Kor 8:8), en om te glo dat die eet van die offervleis God nader bring niks anders is as om met bese geeste gemeenskap hou nie (1 Kor 10:20). Hy verbied die gelowiges daarom om saam met ander assosiasies te eet omdat dit op afgodery neerkom (1 Kor 10:14-33). Hulle eet egter van die brood as 'n danksegging, waarmee niks verkeerd is nie (1 Kor 10:30).

Die parallel tussen die drankoffers en die beker met Nagmaal is ook duidelik, maar ook hier is 'n verskil. Die beker dien nie as offer aan God om iets terug te ontvang nie. Nee, soos in die geval van die eet van die brood, word dit gedoen met danksegging vir wat reeds ontvang is. Vir Paulus is die Nagmaal in wese 'n herinneringsmaaltyd wat die dood van Jesus verkondig. Deelname aan die Nagmaal is daarom die verkondiging van die verlossing in Jesus Christus; dus nie 'n asimmetriese verhouding nie.

'n Laaste, en belangrike verskil met Grieks-Romeinse assosiasies was die samestelling van die Christus assosiasies: anders as die Grieks-Romeinse assosiasies het die Christus assosiasies bestaan uit persone van verskillende etnisiteite (Jood en nie-Jood), mans en vroue, slaaf en vry (kyk bv. Gl 3:38), en heel waarskynlik ook kinders, alhoewel ons nie hiervan direkte getuienis het nie.

4. Kinders se deelname aan die Nagmaal?

Om saam te vat: Die vier van die Nagmaal deur die vroegste geloofsgemeenskappe was gebaseer op die oortuiging dat Jesus self die Nagmaal ingestel het, Jesus se dood is gesien as 'n plaasvervangende verlossingsdood, en die dood van Jesus is tydens die Nagmaal gevier deur die tekens van brood en wyn as herinnering en verkondiging. Die inhoudelike van hierdie tradisie kan in die Nuwe Testament aangetoon word, maar nie die ontwikkeling daarvan nie. Die wortels van die praktyk van die viering van die Nagmaal vind heel

waarskynlik sy parallel in die maaltye van omringende Grieks-Romeinse assosiasies. Wat betref maaltye in die Grieks-Romeinse assosiasies en die Nagmaal (maaltyd) in die Christus assosiasies, kan daar ooreenkomste, en (belangrike) verskille aangetoon word.

Vroeg-Christelike Christus-assosiasies het dus heel waarskynlik, in analogie met Grieks-Romeinse assosiasies, die Nagmaal gevier. Hierdie viering toon ooreenkomste en duidelike verskille met die maaltye van die Grieks-Romeinse assosiasies.

Dit is ook duidelik dat, in analogie met Grieks-Romeinse assosiasies, die doel van die viering van die Nagmaal ten minste die volgende ten doel gehad het:

- om te dink aan die verlossing van Jesus Christus (en daarom om te behoort);
- visueel te verkondig dat verlossing reeds bewerkstellig is (sigbare teenwoordigheid in die gemeenskap); en
- fisies persone in te sluit en uit te sluit op grond van sekere verwagte oortuigings en optrede.

Ek is van oordeel dat kinders se deelname aan die Nagmaal aan hierdie drie sake kan voldoen: 1) kinders kan nadink oor die verlossing van Jesus Christus (en mag daarom voel dat hulle behoort); 2) ook kinders se deelname aan die Nagmaal verkondig dat die verlossing reeds bewerkstellig is; en 3) ook kinders kan ingesluit en uitgesluit word van die Nagmaal op grond van sekere verwagte oortuigings en optrede.

Feit van die saak is dat die Nagmaal net aan gelowiges bedien behoort te word. Kinders is en kan gelowig wees. Ook is daar geen dringende Bybelse getuienis wat kinders se deelname aan die Nagmaal in beginsel uitsluit nie. Die het verskeie studiestukke wat by verskeie Algemene Kerkvergaderings gedien het, herhaaldelik uitgewys. Prinsipiël kan kinders wat gelowig is dus nie deelname aan die Nagmaal geweier word nie. Sonder om pessimisties te wees, glo ek egter nie dat dit gou sal gebeur nie. Hoekom nie?

Omdat die Hervormde Kerk tot dusver nie werklik in haar besluite getoon het dat ons bereid is om kultuurkrities om te gaan met dit waarmee ons besig is nie. Anders gestel: ons is geneig om die verskil tussen *geloof* en *godsdien* nie te begryp nie. *Godsdien* is die wyse waarop gelowiges hulle *geloof* in Jesus Christus sigbaar maak. Met ander woorde, Nagmaal (godsdien) is die wyse waarop ons ons geloof sigbaar maak. Maar geloof red, nie godsdien nie. Godsdienstige rituele is mensgemaak, en soos die sakrament van die doop, is die sakrament van die Nagmaal, nie heilsbemiddelend nie. So, as geloof, wat deur God gegee word, sigbaar is, hoekom iemand uitsluit by 'n godsdienstige handeling wat mensgemaak is?

Hierdie is egter nie nuut nie. Die Kerk weet dit. Die Kerk weet ook dat daar geen dringende Bybelse getuienis is wat kinders se deelname aan die Nagmaal in beginsel uitsluit nie. Ten

spyte hiervan, het verskeie vorige Algemene Kerkvergaderings teen kinders se deelname aan die Nagmaal besluit. Hoekom? Want dit is hoe die Hervormde Kerk dink en doen. Ons godsdienstige handeling of godsdienstige pad met kinders is lankal reeds uitgestippel: eers doop, dan kategese, dan die aflegging van geloofsbelydenis, en dan aansit by die tafel. Hierdie godsdienstige ritueel, opgedeel in kleiner rituele, weeg vir ons swaarder as die prinsipiële. In die onderskeid tussen geloof en godsdiens weeg laasgenoemde in die meeste gevalle vir ons die swaarste.

En dit mag seker maar so wees. Maar dan moet ons eerlik wees in ons besluitneming oor 'n saak wat nou al jare op ons tafel lê. Kom ons besluit gerus weer dat ons nie kinders tot die Nagmaal wil toelaat nie, maar voeg dan eerlik by: Ons neem nie die besluit op prinsipiële gronde nie, ons besluit so omdat ons die gebruik in die Kerk het om met gemeentekinders die pad te stap van doop, dan kategese, dan die aflegging van geloofsbelydenis, en dan aansit by die tafel. Dit is hoe dit nog altyd was, en ons wil dit so behou. Dit is hoe ons dit doen, dit is hoe ons ons godsdiens beoefen.

Maar kom ons sê dan net daarmee saam dat ons van die oortuiging is dat daar prinsipiël nie enige beswaar kan wees teen kinders se deelname aan die Nagmaal nie. Ons kies net anders. Maar ten koste van wat?

'n Laaste opmerking. 'n Mens sou natuurlik die saak van kindernagmaal ook vanuit 'n ekklesiologiese hoek kon beskou. Waarop wil die Kerk fokus? Wil ons missionale kerkwees (lees fokus op barmhartigheid) voorop stel, of wil ons byvoorbeeld fokus op gesinsbediening in gemeentes. Indien dit laasgenoemde is, kan ek dit nie indink dat kinders wat glo by die Nagmaal uitgesluit kan word nie.

Maar miskien is 'n middeweg hier die oplossing. Alle gemeentes het nie dieselfde fokus en spiritualiteit nie. Hoekom nie gemeentes wat wil toelaat om aan gelowige kinders die Nagmaal te bedien nie? Ek glo dat gemeentes wat dit sou wou doen, oor verantwoordelike kerkrade beskik wat die nodige leiding in hierdie verband sa kan gee.

isional